



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

RELIGIESTUDIES V2

2015

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

VRAAG 1

- 1.1
- Mense is geneig om te glo dat middelmisbruik die probleme wat hulle het, sal verlig.
 - Portuurdruk veroorsaak dikwels dat jong mense middels misbruik.
 - 'n Hoë werkloosheidskoers dra ook tot middelmisbruik by.
 - 'n Persoon kan as gevolg van armoede en desperaatheid in die dwelmbedryf vasgevang word.
 - 'n Gebrek aan stabiliteit in die gesin kan ook 'n bydraende faktor wees.
 - Middelmisbruik word ook deur verhoudings waar mense mishandel/misbruik word, soos fisiese en emosionele misbruik, veroorsaak.
 - Dwelmmiddels in ons gemeenskappe is ook geredelik beskikbaar. (10)

LET WEL: Gee krediet aan ander relevante punte

'n maksimum van 4 punte moet toegeken word vir die melding van misdaad wat uitspruit as gevolg van dwelm misbruik.

- 1.2
- Middelmisbruik het 'n skadelike uitwerking op ons samelewing.
 - Die meeste leerders wat by middelmisbruik betrokke is, voltooi nie hulle studies nie.
 - Baie ouers ontwikkel stresverwante siektes as gevolg van hulle kinders se betrokkeheid by middelmisbruik.
 - Indien een lid (getroud) van die gesin by middelmisbruik betrokke is, lei gesinsgeweld daartoe dat die gesin verbrokkel.
 - Die misdaadkoers in gemeenskappe is baie hoog as gevolg van middelmisbruik.
 - Middelmisbruik het 'n negatiewe uitwerking in die behandeling van verskeie siektes soos MIV en Vigs, tuberkulose, diabetes, ensovoorts. (10)

LET WEL: Gee krediet aan ander relevante punte .

1.3 **Voorbeeld 1: Christenskap**

- Die Christelike geloof leer ons dat die mens se liggaam die tempel van die Heilige Gees is.
- Die kerk moet lede aanmoedig om hulle liggame heilig te hou deur nie by middelmisbruik betrokke te raak nie.
- Christenskap leer ons dat mense volgens die beeld van God geskape is, daarom moet jy jouself in beide liggaam en gees skoon/rein hou.
- Christenskap leer ons ook dat jy nie (van wyn) moet dronk word nie, want dit lei tot losbandigheid. Jy moet eerder met die Gees gevul word.
- 'Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig.' Dit beteken dat middelmisbruik tot sedeloosheid, soos promiskuiteit, geslagsgeweld en ander gruweldade lei.
- Christenskap leer ons dat jy die meeste van elke geleentheid moet maak, want die 'dae is boos'.
- Elke mens moet seker maak dat hy of sy tyd beskikbaar vrugbaar gebruik in plaas daarvan om dit met middelmisbruik te mors, wat tot berou in die toekoms kan lei.
- Die Bybel leer ons dat jy nie in die geselskap van die verkeerde mense moet verkeer nie, want dit kan lei tot die ontwikkeling van slegte gewoontes, soos middelmisbruik.

Voorbeeld 2: Hindoeïsme

- Volgens die Vediese wysgere moet die mens se lewe in vier stadiums verdeel word.
- Hierdie stadiums is die studentelewe, huishouer (gesinshoof), die lewe van die halfuitgetredene en die lewe van die persoon wat die wêreld versaak/verloën/afstand doen (iemand wat alle wêreldse bande opgee om heeltmal aan God toegewy te wees).
- In die eerste stadium word daar van die jong mens verwag om sy of haar tyd en energie aan die voete van 'n bevoegde/bekwame onderwyser deur te bring sodat hy of sy sekulêre en geestelike kennis kan bekom.
- In hierdie tydperk word daar van die student verwag om seksuele onthouding en algemene selfbeheersing te volg, ingeslote die weerhouding van middelmisbruik.
- In die huishouerstadium moet die persoon trou, 'n gesin (kinders) grootmaak, ekonomies produktief wees en vir die welsyn van die samelewing werk.
- Dit is egter onmoontlik om al die pligte van die huishouer na te kom as jy by middelmisbruik betrokke is.
- Die doelwit van halfuitgetree te wees, is om los te raak van wêreldse aktiwiteite en verknogthede en alle ondeug/sedeloosheid.
- Die halfuitgetredene moet daarop konsentreer om die geskifte te bestudeer, meditasie te beoefen en nog sulke geestelike ondernemings.
- Uiteindelik beteken wêreldversaaking/-verloëning dat alles (waaronder versoekings soos dwelmmiddels) agtergelaat word (afstand doen) en uitsluitlik op geestelike ondersoek gekonsentreer word.

(16)

LET WEL: Die kandidaat sal volpunte kry vir enigerrelevante leringe uit enige godsdienste van sy/haar keuse.

- 1.4
- Die Katolieke Kerk het 'n verskeidenheid genootskappe wat by die voorkoming van middelmisbruik betrokke is.
 - Een van hulle pogings was om 2014 as die Jaar van die Gesin te verklaar.
 - Dit was 'n poging om teen alle uitdagings, wat gesinne as gevolg van middelmisbruik ervaar het, te veg.
 - Die Katolieke-tak het die Genootskap/Vereniging van Gesondheidskundiges, Onderwyskundiges, Regskundiges en Maatskaplike Ontwikkeling gestig en geaktiveer en werk as 'n span saam om die jeug en volwassenes oor middelmisbruikkwessies te onderrig.
 - Die Islamitiese geloof het ook beduidende pogings aangewend om teen middelmisbruik te veg.
 - 'n Organisasie genoem People Against Gangsterism and Drugs (PAGAD) is in 1996 gestig as 'n grootliks Islamitiese gemeenskaps-groep teen misdaad om dwelmmiddels en geweld op die Kaapse Vlakte in Kaapstad te beveg.
 - Hulle doelwit is om die bose plaag van rampokkery ('gangsterism') en dwelmmiddels uit die samelewing te roei.
 - Verskillende geloofsgroepe het jeugprogramme geskep wat verskillende maatskaplike euwels, soos middelmisbruik, uit die weg te ruim.

- Verskillende godsdienstige organisasies speel 'n belangrike rol in die stryd teen die plaag van middelmisbruik en ander euwels in die samelewing. Hulle sukses hang egter van die ondersteuning en samewerking van die verskillende belanghebbendes, soos die regering en lede van die gemeenskap, af.

LET WEL: Ander relevante punte moet krediet kry. 'n minimum van vier punte moet toegeken word vir die bespeking van die effektiewe praktiese strategieë.. (14)

[50]

VRAAG 2

Let Wel:As dis kandidaat meer as een religie bespreek het,moet slegs die dominante religie krediteer word.

2.1 Voorbeeld 1: Christenskap

- Die Christendom glo in die bestaan van 'n goddelike Opperwese, bekend as God.
- God is alomteenwoordig (nie beperk tot fisiese wette van ruimte nie).
- God is alwetend (weet alles).
- God het Homself as drie persone geopenbaar (Drie-eenheid)
- God die Vader, as die Skepper van die heelal
- God die Seun, die Verlosser en Bevryder van die mensdom
- God die Heilige Gees, as Raadsgewer van Christene

(10)

LET WEL: Relevante feite uit hierdie of ander godsdienste moet krediet kry.

2.2

- Volgens die Christelike geloof was daar in die begin niks nie.
- Genesis noem dat God die wêreld en die heelal in ses dae geskep het.
- Die wêreld was perfek nadat die Heilige Drie-eenheid met die skepping klaar was.
- Mense, die seelewe, diere, plante en die lewe behoort alles aan God.
- God is in beheer van die weer, klimaat en seisoene.
- Die wêreld is onderhewig aan bestuur deur die mens.

(10)

LET WEL: Relevante feite uit hierdie of ander godsdienste moet krediet kry.

2.3

- Die Christelike godsdiens glo dat mense na die beeld van God geskape is.
- Adam en Eva is beveel om na die Tuin van Eden en die hele skepping om te sien.
- As medeskeppers saam God, is mense God se verteenwoordigers op aarde.
- God het mense aangestel om namens Hom na die wêreld om te sien.
- Mense het ook die hoogste status, bo God se hele skepping, ontvang.

(10)

LET WEL: Relevante feite uit hierdie of ander godsdienste moet krediet kry.

2.4

- Volgens die Christendom het God nie die bose geskep nie.
- God het 'n perfekte wêreld en perfekte mense geskep.
- Die bose het later te voorskyn gekom toe Adam en Eva God se bevel nie gehoorsaam het nie.
- Satan was 'n opstandige engel.
- Hy het probeer om Adam en Eva te mislei.
- Die Christelike geloof noem hierdie soort ongehoorsaamheid sonde.

- Christene glo dat die bese dikwels deur Satan gebruik word om mense te beïnvloed om teen God in opstand te kom.
- LET WEL:** *Relevante feite uit hierdie of ander godsdienste moet krediet kry.* (10)

2.5 Die lewe na die dood

- Christene glo dat mense geskape is om onsterflik te wees.
 - Adam en Eva het God se bevel verontagsaam en sonde gedoen.
 - Die straf/boete vir hulle sonde is die dood vir die mens.
 - God die Vader het sy Seun Jesus Christus gestuur om die mensdom van die straf/boete vir sonde te red.
 - Deur Christus se dood en opstanding is die dood oorwin.
 - Diegene wat God se geboorte deur Sy Seun Jesus Christus volg, sal die ewige lewe beërwe.
 - Diegene wat nie God se geboorte deur Sy Seun Jesus Christus volg nie, sal die ewige dood beleef/ervaar.
 - Aangesien Jesus Christus uit die dood opgestaan het, sal diegene wat volgens God se wil lewe, ook uit die dood opstaan en ook vir ewig lewe.
- LET WEL:** *Relevante feite uit hierdie of ander godsdienste moet krediet kry.* (10)

2.1 Voorbeeld 2: Hindoeïsme

Die aard van godheid

- Die Vedas leer ons dat daar baie verskillende gode en godinne in die heelal is.
 - Die verskillende gode en godinne is die manifestasies van dieselfde goddelike krag/mag, genoem Brahman.
 - Brahman is nie 'n opperwese of godheid nie, dis 'n goddelike krag/mag wat die heelal omvat.
 - Dit is die 'Wêreldsiel' wat oral bestaan en alles is deel daarvan.
 - Brahman is 'n onpersoonlike krag/mag wat nie beskryf of deur mense geken kan word nie, behalwe en totdat hulle geestelike bevryding (moksha) bekom.
- LET WEL:** *Relevante feite uit hierdie of ander godsdienste moet krediet kry.* (10)

2.2 Die aard van die wêreld

- Volgens die Hindoe-godsdiens het die heelal nie 'n skielike begin gehad nie.
 - Die heelal sal ook nie 'n skielike einde hê nie.
 - Die hele heelal is uit Brahman saamgestel.
 - Die wêreld is die manifestasie van Brahman omdat Brahman die goddelike krag/mag is.
 - Mense, plante en diere is ook deel van die heelal.
 - Hindoes glo in die teorie van evolusie.
- LET WEL:** *Relevante feite uit hierdie of ander godsdienste moet krediet kry.* (10)

2.3

- 'n Jong mens in die wêreld het 'n verantwoordelikheid om te verseker dat sy of haar tyd en energie doeltreffend gebruik word om sekulêre en geestelike kennis te bekom en daarom is 'n goeie onderwyser onontbeerlik. Dit is die eerste stadium van persoonlike ontwikkeling.
- In die tweede stadium van die mens se lewe, word daar van die volwassene verwag om te trou, na sy of haar gesin om te sien en seker te maak dat hy of sy produktief en ekonomies stabiel is vir die welsyn van die samelewing

- Die volgende stadium word die halfuitgetrede stadium genoem. Die doel is om die persoon aan te moedig om ander mense te motiveer om los van wêreldse verknogthede te bly.
- Daar word van die halfuitgetredene verwag om op die bestudering van die geskrifte te fokus, om meditasie te beoefen en ander geestelike strewes.
- Die finale stadium vir die Hindoe is om die wêreld te versaak/verloën en om op geestelike ondersoek te konsentreer.

LET WEL: Relevante feite uit hierdie of ander godsdienste moet krediet kry. (10)

- 2.4
- In Hindoeïsme is daar geen konsep van sonde of boosheid nie.
 - Hindoes glo dat mense sonde doen omdat hulle onkundig oor die ware aard van die siel en Brahman is.
 - Volgens Hindoes beheer mense hulle lot omdat alles in die heelal aan die Wet van Karma onderworpe is.
 - Die keuses wat 'n mens maak, sal hom of haar in die toekoms beïnvloed.
 - Hindoes probeer om 'n sondelose lewe te lei sodat hulle met 'n beter lewe beloon sal word.

LET WEL: Relevante feite uit hierdie of ander godsdienste moet krediet kry. (10)

- 2.5
- Volgens Hindoeïsme is mense in die siklus van geboorte en wedergeboorte, bekend as Samsara, vasgevang.
 - Wanneer 'n mens doodgaan, word die siel weer gebore of gereïnkarnear in 'n ander liggaam.
 - Die geestelike doelwit van die mens is om die siel te bevry sodat die eenheid daarvan met Brahman verwesenlik kan word.
 - Die siel kan slegs waarlik gelukkig wees wanneer dit moksha bereik het.
 - Moksha verwys na die stadium wanneer mense nie meer in die siklus van geboorte en wedergeboorte vasgevang is nie.

LET WEL: Relevante feite uit hierdie of ander godsdienste moet krediet kry. (10)

VRAAG 3

- 3.1 3.1.1 **Let Wel: Punte word toegeken in 3.1.1 OF 3.1.2 vir die vermelding van 'n religie.**

Voorbeeld 1: Islam

- **Sunni-Moslems**
- Sunni-volgelingen glo dat gelowiges, eerder as die afstammelingen van die Profeet, hulle leier moet kies.
- Sunni verwys na 'volg' die Sunnah (voorbeeld) van die Profeet Muhammad.
- Al die metgeselle van die Profete kry ewe veel respek in Islam.
- Die Sunni beskou die Hadith, wat deur al die Profete se metgeselle aangeteken is, as belangrik.
- **Sjia-Moslems**
- Die Sjia glo dat die kalifaat (opvolger) uit die afstammelingen van die Profeet Muhammad moet wees.
- Hulle verklaar dat die kalifate goddelik aangestel is met boordse kennis en gesag om die gelowiges te lei.
- Hulle herdenk die dood van Hussein wat hulle glo deur die Sunni's by Karbala gemartel is.

- Hulle deel die gesamentlike skuld omdat hulle nie tot sy redding gekom het toe hy doodgemaak is nie.

Voorbeeld 2: Afrika Tradisionele Godsdienste

• AmaZulu

- AmaZulu erken die bestaan van 'n Opperwese, genoem Umvelinqangi.
- Hulle glo dat sy status so verhewe is dat niemand Hom direk kan nader nie.
- Kommunikasie met Umvelinqangi vind deur die voorvaders plaas.
- AmaZulu glo in die vroulike godheid, genoem uNomkhubulwane.
- UNomkhubulwane word met vroulikheid en landbou geassosieer.
- Hulle glo ook in die seremonie wat 'teruggebring' genoem word, waar die lewende dooie as 'n voorvader ingestel word.

• AKA (Sentraal-Afrika)

- Die Aka glo in 'n skeppergees, genoem Bembe.
- Hulle glo dat Bembe na die skeppingsdaad afgetree het.
- Omdat hulle nomadies en jagter-versamelaars is, glo hulle in die bos-/woudgees genoem Dzengi.
- Hulle glo dat Dzengi hulle help om olifante suksesvol te jag.
- **Yoruba** (Suid Wes Nigerië)
- Oludumare is die hoof Skepper.
- Elke mens besit 'n lot of 'n bestemming.
- lewe en dood word gesien as 'n siklus (reïnkarnasie in menslike vorm)
- Die doelwit is geestelike verbetering.
- Goeie geeste word een met Oludumare.

(16)

LET WEL: Relevante feite uit hierdie of ander godsdienste moet krediet kry.

As 'n kandidaat nie al die hoof takke van die gekose religie meld nie kan hy 'n maksimum van 14 punte kry.

Verskille wat voor mag kom as gevolg van Afrika stam/kulturele verskille moet ook gekrediteer word.

3.1.2

Voorbeeld 1: Islam

Sunni-Moslems

- Godsdienstige praktyke vind streng volgens die Sunnah van die Profeet plaas, soos in die Hadith voorgeskryf.
- In Sunni-Islam is die Imam slegs die leier van die gemeentegebed.
- Die titel 'Imam' beteken nie formele opleiding in Sunni-Islam nie.
- Die konsep van Muttah (tydelike huwelik) word nie in Sunni-Islam erken nie.

Sjia-Moslems

- By die Sjia word meer prominensie verleen aan die Hadith van Ali en Fatima (dogter van die Profeet).

- Die heiligdom/tempel van Hussain in Karbala is 'n belangrike pelgrimsterrein vir Sjia's.
- Muttah (tydelike huwelik) word nie in Sjia-Islam toegelaat nie.
- Selfverminking word deur die Sjia ter herinnering aan die dood van Hussain gedoen.

Voorbeeld 2: Afrika Tradisionele Godsdienste

AmaZulu

- Hulle brand wierook tydens kommunikasie met die voorvaders.
- Wanneer daar teëspoed of siekte is, word 'n tradisionele geneser of waarsêer geraadpleeg.
- UNomkhubulwane (vroulike godheid) word genader deur 'n pelgrimstog na die berg in tye wanneer daar droogte of natuurrampe is.
- Jong meisies onderneem 'n pelgrimstog na die berg om met uNomkhubulwane te kommunikeer.

AKA (Sentraal-Afrika)

- Daar word tot eer van Dzengi gedans en gesing.
- Hulle slag 'n dier tydens kommunikasierituele met die voorvaders.
- Wanneer hulle gaan jag, word 'n ritueel uitgevoer wat die slag van 'n dier om met die dieregees te kommunikeer, behels.
- Hulle raadpleeg ngangas wanneer moeilike besluite geneem moet word.
- Wanneer daar siekte of 'n krisis in die familie of gemeenskap is, word ngangas (tradisionele genesers) geraadpleeg.

Yoruba

- Religieuse praktyke fokus op Ori-Orun (spirituele-self)
- Opregte meditasie en verering versterk jou bande met die geestelike –werklikheid.
- Geestelike kontak word gemaak via verskeie inter-tussengangers, inluitende Orisas (laer godde) en
- Babalawo (priester van goedelikheid)
- Elke dorp het sy eie orisa en 'n tempel wat daaraan toegewy is.

(14)

Verwysing: https://en.wikipedia.org/wiki/Yoruba_religion

LET WEL: Relevante feite uit hierdie of ander godsdienste moet krediet kry.

As 'n kandidaat nie melding maak van al die hoof takke van 'n gekose religie nie, mag die kandidaat 'n maksimum van 12 punte behaal.

3.2 **Voorbeeld 1: Boeddhisme**

- Die heilige boek vir Boeddhisme word Pali Kanon of Tripitaka genoem.
- Hierdie groot kanonieke tradisie is mondelings oorgedra vir 'n paar eeue voordat dit neergeskryf is.
- Boeddhisme het 'n liggaam van kommentaar oor die kanonieke tradisie wat voortdurend groei.
- Dit is oorspronklik deur die mondelinge tradisie oorgedra en is uiteindelik in die Pali-taal neergeskryf.

- Dit is die rede waarom dit die Pali Kanon genoem word.
- 'Tripitaka' beteken drie mandjies omdat dit eers op palmblare wat in drie verskillende mandjies geplaas is, neergeskryf is.
- Die drie dele van die Tripitaka is soos volg: die Vinaya Pitaka, die Abhidhama Pitaka en die Sutta Pitaka.
- Die Vinaya Pitaka beskryf die korrekte gedrag en reëls vir kloosterdissipline.
- Die Abhidhama Pitaka bevat die filosofie, poësie, kommentaar en leerstellings.
- Die Sutta Pitaka bevat Boeddha se leerbeginsels/leringe.

Voorbeeld 2 : Judaïsme

- Die heilige boek vir Judaïsme word die Tenach genoem.
- Die Tenach word in drie dele gekategoriseer, naamlik Tora, Neviim en Ketuvim.
- Die Tenach is in Hebreeus geskryf.
- Die Jode het geglo dat die Tora bestaan het voordat die wêreld geskep is.
- Die Tora is deur God aan Moses bekendgemaak en deur hom aan die Joodse nasie.
- Dit is ewig en onveranderbaar.
- Die Tora bevat God se goddelike woorde wat in die eerste vyf boeke van Moses onthul is.
- Die Neviim bevat die historiese boeke wat dele van die profesieë van die vroeë pre-literêre profete bevat.
- Die Ketuvim verteenwoordig die bykomende geskrifte wat nie Tora of Neviim is nie, soos Psalms, Spreuke, Hooglied van Salomo, ensovoorts.
- Die Talmoed is 'n bykomende geskrif van die rabbi's se wette oor die huwelik, gebed en rituele.

(20)

LET WEL: Relevante feite uit hierdie of ander godsdienste moet krediet kry.

[50]

VRAAG 4

4.1 **Voorbeeld 1:**

- **Agnostisisme**
- Dit word afgelei van die Griekse woorde 'a' beteken 'sonder' en 'gnosis' beteken 'kennis'.
- Hierdie term is deur Thomas Huxley (1825–1895) bekendgestel.
- Thomas Huxley was 'n filosoof, kollega en vriend van Charles Darwin.
- Huxley het geglo dat dit nie moontlik was om enige van die twee kante – die bestaan of nie van God – te bewys nie.
- Agnostiese idees antedateer die term agnostisisme.

Voorbeeld 2:

- **Materialisme**
- Hierdie sekulêre wêreldbeskouing glo dat materie/materiaal die enigste realiteit is en ontken die bestaan van die geestelike of Hemelse Ryk..
- Dit het in verskillende gebiede in Europa en Asië tydens wat as die As-tydperk ('Axial Age') (800–200 VJ) bekendgestaan het, ontstaan.
- Uitings van hierdie filosofie word ook in die Antieke Indiese filosofie, in Boeddhisme en in Confucianisme, gevind.

- In die Weste is dit die eerste keer deur Griekse filosowe, die Atomiste, ontwikkel en is in die 18de eeu, tydens die Verligtingstydperk, hernuwe.
- In die 19de eeu het Karl Marx die konsep uitgebrei om menslike geskiedenis en ekonomiese aktiwiteite te beskryf.
- Karl Marx gebruik die term 'dialektiese materialisme' wat beteken dat materie/materiaal die fundamentele oorsaak van alles is.
- Hy gebruik ook die term 'historiese materialisme' wat ekonomie en die verhouding tussen werkers en eienaars as die fundamentele struktuur in die samelewing beteken.

LET WEL: Relevante feite uit dié en ander wêreldbeskouings moet krediet kry. (10)

4.2

- Suid-Afrika is 'n sekulêre staat.
- Die Suid-Afrikaanse Konstitusie noem 'God' maar dit ondersteun nie een godsdiens bo 'n ander nie.
- Die Suid-Afrikaanse Konstitusie definieer Suid-Afrika dus as 'n sekulêre staat.
- In die Suid-Afrikaanse Konstitusie word godsdiensvryheid en menseregte uitdruklik ondersteun deurdat dit nie op 'n spesifieke godsdiens gebaseer is nie.
- Die Suid-Afrikaanse regering diskrimineer nie teen minderheids-godsdienste nie.
- Verskillende godsdienste, waaronder minderhede, neem wel deel aan die formele aktiwiteite van die staat (bv. opening van die parlement).
- Die regering laat verskillende godsdienste toe om deel te hê aan hulle godsdienstige vakansiedae sonder diskriminasie.
- Die Suid-Afrikaanse regering het Religiestudies in hulle skole bekendgestel om godsdienstige verdraagsaamheid aan te moedig.
- Die wet straf mense wat teen ander op grond van hulle godsdiens diskrimineer.
- Alle mense is vry om die godsdiens van hulle keuse te beoefen. (20)

4.3. ON NEXT PAGE

4.3 **Let Wel :As die kandidaat uitsluitelik geskryf het oor slegs religie OF wetenskap moet 'n maksimum van 10 punte toegeken word**

Voorbeeld 1: Abrahamitiese Godsdienste

- Volgens die Abrahamitiese godsdienste is die skepper waarvan gepraat word, manlik.
- Aan die begin het net die Skepper bestaan.
- Die Skepper het toe die heelal uit niks gemaak.
- Die skeppingsproses het ses dae geduur. Die mens is op die sesde dag gemaak.
- Die eerste twee mense was Adam en Eva.
- Hulle het in 'n perfekte tuin geleef.
- Hulle het vrye wil gehad om te kies tussen wat goed en verkeerd is.
- Volgens die Oerknalteorie weet niemand wat voor die Oerknal bestaan het nie.
- Die Oerknalteorie sê dat daar 'n geweldige ontploffing was en, binne 'n sekonde, het die heelal verskyn en geweldig gegroei. Dit is teenstrydig met die Abrahamitiese skeppingsweergawe.
- Die Oerknalteorie stel dat die skeppingsproses 'n sekonde geneem het, terwyl dit volgens die Abrahamitiese weergawe ses dae geneem het.
- Volgens die wetenskaplike weergawe het die Oerknal ongeveer 13,7 biljoen jaar gelede plaasgevind.
- Volgens kreasionisme is die aarde slegs ongeveer 6 000 jaar oud.
- Die wetenskaplike weergawe noem nie enige Skepper nie.

Let WEL: Krediet moet gegee word vir enige EEN Abrahamitiese geloof.

Voorbeeld 2: Hindoeïsme

- Vir Hindoes is die heelal self die Skepper.
- Dit is nie teenstrydig met die Oerknalteorie nie.
- Die Skepper bestaan, en sal vir altyd bestaan. Natuurlik word geen Skepper in die Oerknalteorie genoem nie.
- Die Skepper het geen beperkinge nie en is dus nie 'hy' of 'sy' of enigiets anders nie.
- Die Skepper is eenvoudig die Skepper.
- Die Skepper bestaan in 'n aktiewe of passiewe toestand.
- Die passiewe toestand is een van rus, wanneer niks gebeur nie.
- Tydens rus het die heelal geen vorm nie, dis ongedifferensieerd.
- Na 'n baie lang tyd het die Skepper weer aktief geword.
- Dis wanneer dele van die heelal verskillend van ander dele word en die skepping begin.
- Volgens die wetenskap is die heelal steeds uitdyend. Daar is geen rusperiode nie.
- Mens is maar net 'n produk van die skepping, en alle lewensvorme is verwant.
- Hierdie verduideliking van die menslike bestaan strook met die wetenskaplike verduideliking.

TOTAAL:

(20)
[50]
150